# SONDAG steel jy MY HART

Cecilia Steyn

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za


# PROLOOG

Vandat ek kan onthou, het daar altyd Sondae so ’n vreemde melancholiese gevoel soos die reuk van vars bloed in die lug gehang. ’n Vreemde verlange na iets so oud soos tyd self. Die Sondag-blues.

Toe ek op skool was, het ek gedink dis omdat ek Maandae moet skool toe gaan. Op universiteit het ek gedink dis omdat ek Maandag weer moes klas draf. Noudat ek ongereelde tye werk, vloei my dae ineen, maar my hart weet wanneer dit Sondag is. Daar is so ’n hol geluid wat mens se hart op ’n Sondag maak. Soos die eggo in ’n leë huis.

Die slim mense sal vir jou sê Sondag-depressie is die gevolg van vrees vir die week vol verantwoordelikhede wat voorlê, moeg wees vir roetine, glo dat jy jou tyd oor die naweek gemors het, basies angs vir die nuwe week wat kom.

As ’n tiener het ek my Sondag-blues met stories oor die liefde in alle vorms en groottes besweer. Flieks, boeke en gedigte. Maar daardie leë huis in my hart het bly eggo, want sien, my liefde vir die liefde is al in my gekweek vandat ek klein was. Aangevuur deur my pa se sus, Rakgadi Bonolo, of Rakgadi Nolo, soos ek haar genoem het. In my tannie se materiaalwinkel het ek met al die afvallappe vir my trourokke geprakseer. Haar kat, Shaka, was altyd die geduldige bruidegom. Ek wou groot word net sodat ek



kon trou en ’n hele spul kinders kon kry. Wat my uitbring by my teorie ...

Vir my is Sondae geweef uit die drade van afwagting. Afwagting en verlange na iets of, om meer presies te wees, iemand wat ek nog nie ken nie. Rakgadi Nolo het altyd gesê: “’n Leë hart is soos ’n leë huis wat wag dat iemand die kamers kom volmaak sodat dit nie meer so hartseer hoef te eggo nie.” Sy het my laat glo dat liefde ons emosionele immuunstelsel versterk, wat ons meer veerkragtig maak in die aangesig van teëspoed. Want sien, haar eie liefdesverhaal was bittersoet. Sy het nie kinders van haar eie gehad nie. Toe sy my dus op haar sterfbed vra om haar te belowe dat ek nie soos sy eensaam en sonder liefde sal doodgaan nie, het ek nie twee maal daaroor gedink nie. Haar woorde was ’n pleidooi vir my om die hartseer van haar lewenspad te vermy. Haar liefdesverhaal was een vir die boeke, gevul met gesteelde kyke, laataandgesprekke en gedeelde drome. Maar die noodlot het ’n wrede manier om die liefde te toets. Tumelo het op die dag van hul troue koue voete gekry. Hy het haar voor die kansel gelos, al was die lobola al betaal. Sonder enige verduideliking. Sy kon haar nie ’n lewe sonder hom voorstel nie. Maar al het sy haar hartseer en eensaamheid soos ’n swaar kleed gedra, was dit nie die godsdiens wat sy verkondig het nie. Sy het die wonder van die liefde en verlief wees verkondig, en dis die Kool-Aid wat ek opgeslurp het. Sy het my altyd laat verstaan dat die liefde, selfs in sy vlugtigste en broosste vorm, die krag het om ons lewens te vorm op maniere wat

ons nie kan voorspel nie. Want sien, die liefde vorm ons in sy afwesigheid ook. Wat my weer bring by my teorie ...

Ek glo die enigste medisyne vir die Sondag-blues is nie oefening of rus nie, dis ware liefde.

So, as jou hart ook soms soos ’n Sondag voel, is hierdie ’n storie vir jou oor ’n sekere getatoeëerde hartebreker en ’n mediese intern, en oor weerlig-in-’n-bottel-liefde ... of is dit weerlig-in-’n-bottel-vriendskap? Lees maar self.

## HOOFSTUK 1

# TRAUMA EN DRAMA

Onder die buisligte in die trauma-eenheid in die Pelonomi-hospitaal is die pas meedoënloos, en dis nog nie eers naweek nie. Dis die een kritieke pasiënt na die ander en dit op 'n Donderdagaand. Ek het vanoggend agtuur begin werk en my skof is eers môreoggend klaar as die admin van al my pasiënte afgehandel is. As al die X-strale geboek is, die ontslagverslae en verwysingsbriewe vir fisio- en arbeidsterapie geskryf is. Dán eers kan ek huis toe gaan.

Tot dusver gee hierdie spoedsessie my skaars genoeg tyd om asem te skep, wat nog te sê te eet.

'n Halfuur gelede moes sekuriteit 'n pasiënt aan sy bed vasmaak omdat hy die bebloede verbande van sy kopwond afgeruk het en my daarmee wou slaan. En ek het gedink my obs-en-gynae-rotasie was erg! Maar die arme pasiënt het darem 'n erge kopbesering en het nie geweet waar hy is en wat hy doen nie.

Nie al die gevalle breek vanaand my moed nie. Mevrou Beverly Julius, die ouerige pasiënt wat nou voor my lê, was in 'n taxi-ongeluk en het die vriendelikste oë. Sy hou my aandagtig dop terwyl ek gereed maak om 'n bloedmonster te neem. Asof sy hoop ek weet wat ek doen. Ék hoop ek weet wat ek doen. Haar linkerfemur is op twee plekke gebreek, en haar enkel en knie is ook erg beseer. Dit het ons reeds bevestig met 'n eFast-sonar. Beserings soos die

kan tot ’n jaar vat om ten volle te herstel, so, daar lê ’n moeilike pad vir haar voor.

Net toe ek die naald naby haar vel bring, hoor ek my selfoon vir die soveelste keer die laaste vyf minute. Dis nie die deuntjie van ons traumagroep nie. Dis ook nie die deuntjie waarvoor ek deesdae elke aand wag nie. Dis ’n deuntjie wat my deesdae innerlik laat kreun. Ek het vergeet om dié groep stil te maak voordat my skof begin het, en tot dusver het ek doodeenvoudig nie die tyd gehad om dit te doen nie. Die Khetsi-vroue se familiegroep is vanaand weer so besig soos ’n byekorf. My ma, haar ouer suster – al is sy nie ’n Khetsi nie – my pa se suster, en ek en my twee sussies is op die groep. En meestal is dit ’n prettige spul. Of dit was tot onlangs toe, want skielik is die fokus mý liefdeslewe. Mens sou sweer hulle weet van my selfopgelegde deadline vir die liefde, maar ek weet hulle weet nie van die belofte wat ek aan Rakgadi Nolo gemaak het nie.

Ek het nie vir Rakgadi Nolo ’n dag en datum belowe waarop ek die liefde sal kry nie, maar ek het myself belowe dat ek “die een” sal kry voor my internskap volgende jaar verby is en voordat ek met my gemeenskapsdiens begin. Want dit kan dalk iewers by Putsonderwater wees en wat as ek dan die geleentheid gemis het? Dit het toe gevoel na meer as genoeg tyd, maar deesdae voel dit nie meer so nie.

Ek het nog net een persoon van my sperdatum vertel en dit was nie een van die Khetsi-vroue nie. Ek het wel die feit dat ek op ’n sperdatum vir liefde is, een aand voor my huismaats laat uitglip. Gelukkig was

hulle te besig om mekaar vir Oreos vir iets te wed sodat niemand werklik aandag daaraan gegee het nie. Hulle dink ek is ’n serial dater omdat ek al so baie ouens gedate en gedump het. Min weet hulle hoe ek na Meneer Perfek in my lewe soek.

Die Khetsi-vroue het ’n heel ander rede as myne vir die soeke na my groot liefde. Hulle is haastig dat ek ’n man moet kry omdat my oudste sus vroeër vanjaar getrou het. En volgens tradisie is ek die volgende in die ry wat die groot stap moet neem. Basta met ware liefde!

Ek ignoreer die deuntjie en kyk verskonend na my pasiënt.

Ek trek steriele handskoene aan en sit die toerniket so ’n entjie bo mevrou Julius se elmboog. Met my wysvinger voel ek vir are onder haar dun vel. Met die alkoholwatte vee ek die area skoon. Ek neem die vaatjie en skroef die naald daaraan vas voordat ek die naald se skede verwyder.

“Net ’n klein prikkie,” verklaar ek voordat ek die naald versigtig in die aar steek.

Mevrou Julius knik.

In my baadjiesak hoor ek weer my selfoon. Mevrou Julius trek haar voorkop op ’n plooi toe die naald haar vel prik, maar kla nie. Ek druk die eerste buisie vir bloed in die vaatjie.

Toe my foon se deuntjie weer begin, haal ek dit uit my sak en kyk daarna terwyl die buisie vol bloed loop.

Vyf-en-dertig boodskappe op die Khetsi-groep!

Almal om te vra of ek nog nie liefde gevind het nie.

Asof ware liefde tydens ’n gejaagde nagskof by die hospitaal in my skoot sal val. Slaap hulle nie hierdie tyd van die nag nie? Ek vrees dat hulle gaan begin bel as ek nie binnekort iets antwoord nie.

Waar al my pelle en kollegas tyd kry vir liefde weet ek nie, maar as ek nog een uitnodiging na ’n troue of verlowing kry, gaan ek gil. Dit laat my keel toetrek oor my tydlyn en voel ek moet inhaal of daar is niemand oor vir my nie.

Wat beteken ek sal alleen doodgaan soos Rakgadi Nolo. Wat ook beteken ek sal nie my belofte aan haar en myself kan nakom nie.

“Miskien moet jy dit antwoord,” stel mevrou Julius voor, haar oë gevul met die wysheid van haar agt-en-sestig jaar. “Dalk is dit belangrik.” Die pynmedikasie moes ingeskop het, want sy lyk gemakliker as ’n paar uur gelede.

“Glo my, dit is nie belangrik nie. Skuus, ek maak hulle gou stil,” sug ek en mute uiteindelik die groep vroue wat niks beter het om te doen as om die tyd van die nag te klets nie.

“Is dit jou kêrel?” vra mevrou Julius toe ek die volgende buisie in die vaatjie druk.

“Ha, ek wens. Nee, dan sou hulle my nie so gepla het nie,” lag ek. “Dis net my ma en tannies. Hulle is bekommerd oor my liefdeslewe,” sê ek.

“Jou liefdeslewe? Hierdie tyd van die nag?” Mevrou Julius lig ’n wenkbrou. “Wat is daar om oor bekommerd te wees?”

“Blykbaar alles,” spot ek. “Hulle is meedoënloos

vanaand. Hulle kan blykbaar nie slaap nie, want hulle is so bekommerd dat ek nie 'n man gaan kry nie." Ek waai deur die lug. "Ag, ek weet hulle bedoel goed. Dis net, my oudste sus is onlangs getroud en nou is die middelkind, ék, natuurlik volgende op hulle hitlist."

Ek is nie seker hoekom ek dit vir my pasiënt sê nie. Miskien omdat sy lyk soos iemand wat sal verstaan.

Mevrou Julius lig haar wenkbrou. "Hoekom is hulle bekommerd? 'n Vrou soos jy behoort maklik liefde te kry, dan nie?" Ek vryf my nek. Ek wens!

Con, my kamermaat, Ella, se ou, dink mos juis ek is te kieskeurig. Maar ek is nie. Ek moet net doodseker wees dis "die een".

"Jammer," mompel ek terwyl ek die toerniket afhaal en die naald versigtig uit die aar trek. Ek druk die plekkie toe met gaas.

"Daarsy," stel ek die vrou met 'n glimlag gerus.

"Dis net dat almal om my al 'die een' gekry het. Dat my pelle en kollegas op wolke loop, help my nie. Dit voel asof almal behalwe ek verlief en verloof is. Natuurlik is ek jaloers, maar ek het nog nie Meneer Perfek-vir-my ontmoet nie. Ek dink ek is te vreemd vir die mans in die stad," sê ek en wikkel my lyf.

Mevrou Julius glimlag toe haar oë na my grootraambril lig. Natuurlik is die raam bloedrooi om by die kleur van my lipstiffie te pas. En by die kleur van my gelukkige bra ...

"Eish!" lag sy lekker. "Wel, ek verstaan hul kommer, maar dit lyk vir my hulle moet eerder jou onafhanklikheid en intelligensie vier. As ek nog ongetroude

seuns gehad het, het ek beslis een aan jou voorgestel." Haar knipoog laat my aan Rakgadi Nolo dink.

"Dankie, Mevrou," bloos ek.

"Vat dit van iemand wat met 'n huwelik van veertig jaar kan spog," sê sy, "as mens die regte persoon ontmoet, weet jy dit net."

"Veertig jaar klink soos 'n leeftyd," snak ek beïndruk. "Mevrou moet ongelooflike stories hê om te vertel."

"Ek het," glimlag sy, "maar dit is vir 'n ander dag. Nou moet ons eers uitpluis hoe om jou tannies en jou ma van jou rug af te kry."

"Enige idees?" vra ek half skertsend.

"Sê vir hulle dat jy op jou pasiënte fokus, deernisvolle en intelligente vrou wat jy is, en dat hulle jou moet vertrou om liefde op jou eie tyd te vind."

Ek lag. "Mý vertrou hiermee? Dit sal 'n eerste wees. My ma het 'n rits mans wat sy aan my wil voorstel." En nie een van hulle is troumateriaal nie.

"Onthou, dokter Khetsi," sê mevrou Julius en klopklop my hand met 'n vonkel in die oog, "die liefde het 'n baie snaakse manier om op te daag wanneer jy dit die minste verwag. Dit kan nie gedwing of gehaas word nie. Vertrou jouself en vertrou dat liefde jou sal vind wanneer die tyd reg is."

Net toe sy klaar gepraat het, asof dit 'n teken van die heelal is, sing my selfoon die deuntjie wat my polsslag opjaag en adrenalien deur my lyf laat borrel. Die een wat soos 'n reddingsboei voel. Elke boodskap van hom laat 'n mini-vuurwerkvertoning in my binneste

ontplof met ons emoji-gevegte en GIF-oorloë. Boodskappe wat my so vinnig laat tik dat ek basies deesdae 'n WhatsApp-superheld is.

Dis van niemand anders nie as Phoebe se broer, Will. Die man wat ek gefriendzone het, in die pellelaai van my lewe geliasseer het. Want 'n ou soos Will is dalk net 'n bietjie te wild om vir altyd aan iemand vasgeketting te word. En ek is bang om lief te word vir só 'n man. Hy lyk beslis na die tipe wat op die laaste oomblik koue voete sal kry. Nie dat hy ooit so na my sal kyk in elk geval nie. Selfs hy is dalk nie dapper genoeg om 'n meisie soos ek te date nie.

So, nou is hy my pel. En pelle mag nie vryers word nie. Dis algemene kennis. Dit is een van die heelal se wette. Al dink liefdesverhaalskrywers nie so nie.

Ek glimlag.

Toe ek Will die eerste keer by my huis in Bloemfontein ontmoet het, was daar hierdie aantrekkingskrag tussen ons. Heeltemal te veel elektrisiteit vir een hart om te hanteer. Moeilikheid. Ek meen, ek het oë, die man is gebou soos 'n gladiator.

Maar niks het tussen ons gebeur nie en hy is terug Kaap toe.

Na my obs-en-gynae-rotasie het ek my bestuurslisensie gekry. En om dit te vier, het ek myself bederf met 'n week lange vakansie in die Kaap voor my trauma-rotasie.

Ek en Will het mekaar amper uit die aarde geloop in die Strand-boekwinkel. In die liefdesverhaal-afdeling van alle plekke!

Ek wou so graag dink dis ’n teken.

My asem jaag sommer weer as ek net dink aan die elektrisiteit wat daardie dag en uiteindelik daardie hele week tussen ons rondgevlieg het. Nes toe ons die eerste keer by my huis ontmoet het. Al my vakansieplanne het uit my kop gewaai, want skielik was borrelende, lewenslustige, avontuurlustige Will op die toneel.

Hy het seker gemaak my week in die Kaap is vol klein avonture. Noudat ek daaraan dink, hy het nie teruggedeins vir my persoonlikheid nie. Ons het ’n wynproe op ’n wyntrein gedoen. Saam soos mal goed by ’n musiekkonsert gedans. Ons is saam Comic Con toe. Iewers een aand, toe ons tot laat gesels het, het ek hom van my belofte aan Rakgadi Nolo vertel.

Hy het nie vir my gelag nie. Hy het net gelyk asof die gedagte aan ’n vaste verhouding hom fisieke pyn laat ervaar. Soos wanneer mens van daardie video’s kyk waarop mense hulleself te pletter val en jy hulle pyn kan voel.

Dis hoe ek daardie dag geweet het Will Heyns is nie troumateriaal nie. Veral nie as hy dink dit is hoe dit voel om verlief te wees nie. Will Heyns is moeilikheid in ’n mooi pakkie. Sy glimlag verklap dat hy altyd besig is met iets onheiligs. Maar ons kliek net. Om ’n manspel te hê is nuwe ervaring vir my. Soos ek sê, ek date en dump hulle op my pad na ware liefde.

Will is soos die oorbeskermende ouer broer wat ek nie het nie. Hy het gevra of hy vir my boodskappe kan stuur as ek by die huis is. Ek het ingestem, en dis nou ’n maand lank al aan die gang.

Ek hou van hoe hy dink oor goed. En ons is al twee mal oor lees. Maar is 'n pel veronderstel om jou pols so op te jaag? Ek twyfel. Dis net omdat die man 'n enigma is, troos ek myself keer op keer. Hy het dieselfde invloed op almal wat hy teëkom. Ek is nie 'n uitsondering nie.

"Dankie vir die goeie raad," fluister ek voordat ek na Will se boodskap kyk. Ek wil genoeg tyd hê om rustig met hom te chat.

"Gaan antwoord nou daardie boodskappe van jou familie," lag mevrou Julius.

Ek kyk op my horlosie. Al my pasiënte is geholpe. Tyd vir 'n blaaskans.

"Ek vat 'n vinnige breek," sê ek vir Tandika, die ander intern. Sy knik.

In die ruskamer val ek op 'n stoel neer. Ek vat my foon. Natuurlik ignoreer ek al die boodskappe van my familie, want dis nie waarna ek nou wil kyk nie.

Will: *Is jy wakker?*

Karabo: *Ek hoop so vir my pasiënte se onthalwe, ek spoed.*

Will: *Ag hel. Dit suck. Hoop die nag is stil? Kan jy chat?*

Karabo: *Mal cases links en regs. Vat gou 'n breek, ja.*

Sal ek hom vra of hy op 'n date was? Eerder nie. Dit het niks met my te doen nie.

Will: *Ek love chaos. Vertel, ek het die afleiding nodig.*

Karabo: *Een ou se vrou het target practice met 'n tuinvurk op sy skedel gedoen.*

Will: *En jy wil trou!*

Karabo: *Twee tieners wat mekaar gedare het om batterye te eet. Natuurlik ook 'n motorfietsongeluk.*

Will: *Ek voel 'n preek aankom ...*

Karabo: *Jy weet hoe voel ek oor motorfietse.*

Karabo: *Vertel my eerder van jou dag.*

Will: *Juis vandag van die distilleerdery en my pa ontsnap en vir 'n lang rit gegaan. Niks soos die oop pad om kop skoon te maak nie.*

Karabo: *Sit jy en jou pa weer vas? Hoekom moes jy kop skoonmaak?*

Will: *Niks om jou oor te bekommer nie. Jy dink genoeg vir ons al twee.*

Ek neem aan dis kodetaal vir "dis privaat" en het niks met my te doen nie.

Karabo: *Ek dink vanaand net te veel, dink ek ...*

Will: *Sien! Waaroor?*

Karabo: *Hoe ek jaloers is op my pelle wat al almal liefde gevind het.*

Will: *Sjoe, hou op. Jy gaan my 'n rash gee en jy is nie hier om my te dokter nie.*

Will: *Jammer, ek moes net! Ernstiger, jy bedoel jy dink aan jou belofte?*

Karabo: *Jip. Soms voel dit of ek al getroud moet wees of iets ... almal om my is óf verlief óf verloof. Rakgadi Nolo sit seker daar bo en skud haar kop. Ek voel of ek haar teleurstel.*

Will: *Ha! Daar begin ek klaar uitslaan!*

Will: *Sal ek my Dumbledore-hoed opsit en jou raad gee?*

Karabo: *Oukei?*

Will: *It does not do well to dwell on dreams and forget to live.*

Will: *Jou geluk hoef nie soos ander mense s'n te lyk nie, Karabs. Die lewe is morsig en onvoorspelbaar. Jy is gedrewe en ambisieus ... alles wat ek wens ek was. En ek is seker jy maak jou tannie baie trots.*

Karabo: *Stop dit! Moet jouself nie so afskiet nie.*

Karabo: *Dankie in elk geval. My familie is net vanaand weer op my case oor my liefdeslewe. Help! Waar ontmoet mens jou trouman?*

Will: *In 'n boekwinkel?*

My asem steek in my keel vas. Insinueer hy dat ek en hy ...? Nee, nou is ek laf. Ek gesels met 'n man wat in kolle uitslaan net by die noem van langtermynverhoudings.

Will: *Joke net! Uhm ... 'n gholfklub, hengelklub of drafklub dalk? Of lyk net hulpeloos in 'n hardewarewinkel.*

Karabo: *Baie volwasse raad. Waar kom dit vandaan?*

Will: *Ek kan goeie raad gee ... ek kan dit net nie self volg nie.*

Will: *Soos ek dit sien, op die einde van die dag is jou lewe joune om te leef, niemand anders s'n nie. Jy moet doen wat jou gelukkig maak, al beteken dit om 'n ander pad te stap as wat almal verwag het. Dooie tannies inkluis.*

Karabo: *Dankie. Jy weet altyd hoe om my beter te laat voel.*

Will: *Plesier. Dis waarvoor vriende daar is.*

Will: *So, wat eet jy op jou breek?*

Karabo: *As ek jou wys, gaan jy huil ...*

Ek stuur vir hom 'n foto van my pap tamatietoebroodjie.

Will: *As daai toebie jou nie doodmaak nie, pas jouself op. Wakker bly as jy huis toe ry môreoggend.*

Karabo: *Maak so, baai!*